DIE SKIETLOOD

235e Uitgawe 14 Februarie 2025
saam met Koersvas 235

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS

**Vraag 6 afhandeling**

**Kommentaar**

Wanneer die verwysing na die mens as beelddraer van God anders gestel word, kom daar ander probleme na vore. Indien daar verwys word na die beeld van God in die mens, kan die saak anders beredeneer word en kan die beeld van God as ‘n losstaande entiteit verstaan word. Dit is ‘n verkeerde aanname. Die mens is na die beeld van God geskep, wat impliseer dat die sondeval meer gedoen het as bloot die simplistiese stelling dat die beeld verlore geraak het.

Die vraag na die omvang van die verlies van die beeld van God en daarmee saam die vraag na hoeveel van die beeld oorbly moet gesien word as ‘n vraag na meer as verlies van ‘n entiteit in die spektrum van menswees. Hierdie beeldskap is radikaal beskadig deur die sondeval. Ons eintlike vraag moet wees na die aard van die mens in die lig van die sondeval.

Die mens is na die beeld van God geskep, die mens is nie as ‘n klein godjie geskep nie. In die vorige gedeelte is die betekenis van die metafoor ‘beeld van God’ bespreek. Die mens is oorspronklik geskep na die beeld van God, ‘n verwysing na ‘n besondere verhouding met God, maar ook word sekere vermoëns en eienskappe deur hierdie konsep impliseer. Voor die sondeval het jy na die mens gekyk en die beeltenis van God herken in die mens.Ons vind iets hiervan terug in 2 Korintiers 4:4b *‘Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is.* Na die sondeval sien ons die beeltenis van Satan in die mens raak. Is hierdie beeldskap omvorm, vervang, vernietig of dalk iets anders? Christus het in Sy wese hierdie beeldtenis uitgeleef. Wat beteken dit?

Die mens is na die beeld van God geskep. Die sondeval het ‘n vernietigende impak op hierdie beeldtenis gehad. Tog het die sondeval nie die mens en gevolglik die beeldtenis ont-skep nie, die sondeval het die skepping gekorrupteer. Daar moet dan skerwe van die beeldtenis wees waarin ons die oorspronklike kan raaksien. Die eerste van hierdie skerwe is die mens se vrye wil, die keuses wat die mens kan maak. Keuses wat gemaak word uit vrye wil, met eie verantwoordelikheid vir die keuses wat gemaak word. Dit is die vrye wil om eie keuses te maak waarin ons die skerwe van die beeldtenis terugvind, nie in die aard, inhoud en gevolge van die keuses wat ons maak nie.

Ons bewussyn van die goddelike – soos dit uitkom in sake soos kuns en wetenskap – dui op ‘n beeldtenis skerf. Ons verstaan van God en natuur is dalk skeefgetrek, maar is nogtans ‘n basiese bewussyn van God.

Die waardering vir die lewe en die bestaan van ‘n etiek in alle gemeenskappe skimp ook na ‘n beeldtenis van God. Nie die maniere waarop die lewe verstaan word nie, maar die basiese van lewensbuwustheid is uitsonderlik. Sommige gemeenskappe se etiek sal as alles behalwe Bybels verstaan kan word, en tog is die teenwoordigheid van ‘n

basiese etiese sisteem daar – ‘n aanduiding van ‘n beeldtenis-skerf in die mens se bestaan.

Ons geniet die lewe en ons het waardering vir dit wat ons in tyd kan ervaar. Ons waardering van tyd en ons bewussyn van tydsverloop is ‘n fluistering na die mens wat as beeld van God in tyd geskep is.

Die mens het sy heer-skap oor die skepping en in besonder die diere behou. Die mens kan die diere onderwerp en gebruik tot sy voordeel – in opdrag van die Skepper en omdat die mens na die beeld van God geskep is.

In al bogenoemde aspekte sien ons die skerwe van die gebroke beeldtenis wat die mens in sy bestaan openbaar. In elke skerf sien ons ook die sonde en die impak van die sondeval raak. Ons sien ons hierdie skerwe ook God se genade raak, ons hoor die fluistering van die belofte van herstel en ons word van alle verontskuldiging ontdaan.

Ursinus noem in sy kommentaar op die Kategismus ses sake wat die restant van beeldtenis die beste na vore laat kom: 1) Die mees voortreflike saak is die ware en perfekte reddende kennis van God en Sy wil. 2) Korrekte kennis van die werkinge van God, saam met begrip en insig aangaande dit wat ons gebrekkig ken. 3) Regerings en gemeenskaplike regulering wat begeertes in toom hou en orde laat geskied. 4) Volgehoue beheer oor alle skepsels. 5) Die Here het aan Sy kinders die reg gegee om oordeelkundig te heers oor die skepping. 6) Die vreugdes van hierdie lewe en die verwagte vreugde van die toekoms.

Die feit dat al hierdie sake teenwoordig kan wees in selfs die mees heidense van nasies, is aanduiding van die mens se geskape beeldtenis en herinnering van die verwoestende impak van die sondeval.

Is hierdie val permanent? Is die skerwe ewige skerwe sonder hoop op heling en herstel? Kan die mens herstel word na daardie posisie wat die mens weer die volle betekenis van die beeldskap kan uitleef en uitstraal?

Die kort en finale antwoord hierop is: “JA”!

Hoe, deur wie en wanneer sal hierdie herstel plaasvind? Hierop is die antwoord kompleks. Dit is net God wat die saak kan herstel. Net Hy kan die verhouding volledig herstel. Hy het met daardie werk begin en sal Sy werk by die voleinding (wederkoms) afhandel. 1 Korintiërs 1:30 stel, “*Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing*.” God is besig om ons te omskep en die herstel te bewerkstellig. Ons word in 2 Korintiêrs 3:18 herinner “*Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is*.” Dit doen God deur die verkondiging van die Evangelie van Christus. In Jesus Christus word ons verhouding met God herstel. Hierdie herstel sal nie oornag geskied nie, ons word daagliks vernuwe en die volle werklikheid sal intree by die wederkoms.